**Die sesde en sewende bakke van God se toorn**

**Openbaring 16:12-21**

**11 Oktober 2020**

1. Sesde bak van God se oordeel (Op 16:12-16)
    a. Teiken die Eufraat – soos die sesde trompet (Op 9:18)
    b. Water droog op – vgl met vervulling van Jes 44:27-45:1 deur Kores
    c. Bose geeste kom uit die bekke van die drie diere (paddas was onrein – Lev 11:9-12)
    d. Hierdie geeste doen wonderwerke – vgl met Op 13:1-5 en 13
    e. Hulle bring konings van die aarde bymekaar vir die oorlog op die groot dag van God
        i. Oorlog – vgl Op 19:19, 20:8, 11:7
        ii. Dag van God – vgl Sef 1:14-18
        iii. Sesde bak is dus voorbereiding tot finale oordeel
    f. Konings bymekaar gebring by Armageddon (Hebreeus vir: Berg van Megiddo)
        i. Debora/Barak verslaan Sisera by Megiddo (Rig 5:19)
        ii. Josia sterf deur Neko van Egipte by Megiddo (2 Kron 35:20-22)
        iii. Karmel is by Megiddo – Elia se stryd met Baälprofete (1 Kon 18)
    g. Jesus kom onverwags
        i. Wees wakker – vgl Op 3:3-4
        ii. Hou klere reg – vgl Op 3:18, 19:8-9, 6:11
2. Sewende bak van God se oordeel (Op 16:17-21)
    a. Harde stem – stem van God of Jesus
    b. "Dit is verby"
        i. God se toorn het sy einde bereik (Op 15:1)
        ii. Vgl Joh 19:30
        iii. Óf Jesus het God se toorn oor jou sonde gedra, óf jy dra dit self met die finale oordeel
    c. Weerligstrale, dreunings, donderslae, grootste aardbewing ooit, massiewe haelstene
        i. Herinner aan Eks 19:16-18
        ii. Let op die ontwikkeling: Op 4:5 na 8:5 na 11:19 na 16:18,21
        iii. God is groot, ontsagwekkend, onveranderlik
        iv. By Sinai gee God die wet (getuienis) en opdrag om tabernakel te bou – engele kom uit tent van die getuienis, oordeel die wat nie aan die getuienis vashou nie, oordeel volgens die wet (Op 12:17, 1 Pet 1:17, Op 20:12)
        v. Fokus verskuif meer na die einde soos Openbaring vorder
    d. Groot stad verdeel in drie – vgl Op 11:8
    e. Mense laster steeds – geen sprake meer van bekering nie (vgl Op 16:9,11)
3. Toepassings
    a. Rasionele denke is tipies van ons tyd, maar hier word van geestelike stryd gepraat
        i. Is die gebrek aan geestelike fokus juis die misleiding van die diere?
    b. Gelowiges gaan die finale oordeel tegemoet met lang wit klere!